**LUG U MENING**

**UITNODIGING OM KOMMENTAAR TE LEWER**

**KONSEPWETSONTWERP OP PARLEMENTêRE DORPE, 2026**

Die ad hoc-komitee om die Wet op die Bestuursraad van Parlementêre Dorpe, Wet No 96 van 1998, te hersien en te wysig, nooi belanghebbendes en belangstellende persone uit om skriftelike kommentaar oor die Konsepwetsontwerp op Parlementêre Dorpe, 2026, in te dien.

**Oogmerke van die wetsontwerp**

Die wetsontwerp het ten doel om die Wet op die Bestuursraad van Parlementêre Dorpe, 1998, te herroep; om die bestaan van die parlementêre dorpe, sowel as die toewysing van behuising in parlementêre dorpe, te erken en te reguleer; om die Parlement as die bewaarder en gebruiker van die parlementêre dorpe aan te wys; om die Bestuursraad van Parlementêre Dorpe te stig en te reguleer; om voorsiening te maak vir die bestuur van die raad en sy rol om die Parlement as bewaarder en gebruiker van die parlemetêre dorpe te ondersteun; om voorsiening te maak vir die stigting van 'n inwonerskomitee by elkeen van die parlementêre dorpe en om voorsiening te maak vir sy rolle en funksies; om voorsiening te maak vir die rol van die Suid-Afrikaanse Polisiediens by die parlementêre dorpe; om die Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007, te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Navrae en skriftelike voorleggings kan aan die ad hoc-komitee om die Wet op die Bestuursraad van Parlementêre Dorpe te hersien en te wysig gerig word, vir die aandag van dr Anneke Clark, by e-posadres aclark@parliament.gov.za. Bykomend tot die skriftelike kommentaar moet u asseblief u belangstelling om 'n mondelinge voorlegging te lewer aandui.

**Die sluitingsdatum vir skriftelike voorleggings is Vrydag, 14 Augustus 2026.**

Afskrifte van die wetsontwerp kan telefonies van dr Clark versoek word by selfoonnommer 081 360 1431. Afskrifte kan ook elektronies deur middel van die parlementêre webtuiste (www.parliament.gov.za) verkry word.

**Uitgereik deur agb C M Masina, LP**

Voorsitter: Ad hoc-komitee om die Wet op die Bestuursraad van Parlementêre Dorpe te hersien en te wysig